

226/91

Saaknommer 416/91

/al

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak van:

KARIN MORGAN NOLAN

APPELLANT

en

DIE STAAT

RESPONDENT

CORAM: KUMLEBEN JA, NICHOLAS ET KRIEGLER AJJA

DATUM VAN VERHOOR:

24 NOVEMBER 1992

DATUM VAN UITSpraak:

27 NOVEMBER 1992

U I T S P R A A K

KRIEGLER Wnd. AR/...

KRIEGLER Wnd. AR:

Die wese van hierdie appèl teen vonnis is dat 'n jong moeder van drie klein kindertjies vier jaar effektiewe tronkstaf opgelê is weens geldverduistering en tjekbedrog. Die appellante het in die streekhof te Pietersburg daaraan skuldig gepleit dat sy oor 'n tydperk van sewe maande by 31 geleenthede altesaam nagenoeg R31 000,00 van haar werkgewer, 'n handelsbank, gesteel het en oor twee en 'n half maande bedrieglik 15 waardelose tjeks ten bedrae van altesaam ongeveer R2 000,00 aan 'n kettingwinkel gelewer het. Ná skuldigbevinding getuig appellante ter strafversagting. In kort kom dit op die volgende neer. Appellante, ten tyde 28 jaar oud, was 'n administratiewe klerk in die spaarbeleggingsafdeling van die bank. Haar eggenoot was 'n werknemer van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens en 'n deeltydse kunsskilder. Hulle

het drie kinders, te wete 'n verstandelik verlaagde dogter van nege, 'n seuntjie van vyf en 'n dogtertjie van 22 maande. Ongeveer nege maande ná appellante by die bank in diens tree, onttrek sy 'n bedrag van R2 000,00 uit 'n kliënt se rekening en betaal dit in op haar eggenoot s'n. Oor die daaropvolgende sewe maande onttrek sy by 30 verdere geleenthede bedrae wat wissel van so min as R25,59 tot soveel as R4 000,00. Haar werkwyse was eenvoudig: Kleinere bedrae maandrente op kliënte se rekenings het sy na haar bankrekening oorgedra en by nege geleenthede het sy tjeks vir groter bedrae teen die rekening van 'n groot belegger getrek, dit deur 'n gemagtigde meerdere laat onderteken en in haar eggenoot se bankrekening gedeponeer. Alhoewel die gebeure dui op swak daaglikse kontrole, was die appellante se metode so kru dat haar wandade vroeër eerder as later aan die lig sou moes kom. Haar eggenoot het egter 'n

kunsuitstalling beplan en sy het aanvanklik gehoop om daaruit die besteelde rekenings aan te vul. Die verwagting was egter misplaas - die uitstalling misluk en die egpaar is ééns in 'n finansiële verknorsing. Hul geldsake was trouens oor etlike jare benard. Handelskrediteure en die houters van onteerde tjeks het die geregsbode 'n gereelde besoeker aan die Nolan-huis gemaak. Die appellante het dan ook ná die mislukte kunsuitstalling voortgegaan met die dieftige onttrekkings uit kliënte se beleggingsrekenings. Sy het op daardie stadium ook begin met die uitgifte van die waardelose tjeks wat die 15 bedrogaanklagte gefundeer het. Ten tyde van die verhoor, sowat drie maande ná die misdade aan die lig gekom het, was appellante werkloos en haar eggenoot was ook intussen sy betrekking kwyt. Bygevolg was enige toepaslike boetestraf en enige opskortingsvoorwaarde gekoppel aan 'n

vergoedingsbevel buite die kwessie.

Die streeklanddros, gekonfronteer met die dilemma van appellante se deerniswekkende persoonlike omstandighede maar tegelyk die erns van die misdade en die vereistes van afskrikking en vergelding, het hom geroepe gevoel om regstreekse gevangenisstraf op te lê. In hierdie hof, soos ook in die hof a quo, is namens appellante aangevoer dat sodanige besluit gekenmerk is deur etlike mistastings. Ten eerste is 'n sin in die vonnismotivering uitgelig ter ondersteuning van 'n betoog dat die erns van die misdryf en die belange van die gemeenskap ten onregte oorbeklemtoon is. Die betrokke sin lui so:

"Beskuldigde, die hof kan haas nie woorde vind om die erns te beskryf nie."

Losgemaak van sy verband, skep die sin wel die indruk van onewewigtige beklemtoning van 'n bepaalde element. Kontekstueel gesien, is dit

egter duidelik dat die streeklanddros, sy ietwat hiperboliese woordkeuse ten spyt, tog nie werklik die geykte trits onewewigtig beoordeel het nie. Die reeks diefstalle, individueel beoordeel en te meer in samehang met mekaar, was berekende vertrouensmisbruik. Dit het oor 'n tydperk van sewe maande voortgeduur, selfs ná die mislukte kunsuitstalling toe daar geen hoop op terugbetaling was nie. Dit blyk ook dat die laaste ses verduisterings (waarby altesaam ongeveer R3 300,00 betrokke was) gepleeg is ná twee van appellante se kollegas by die bank vir dergelike misdade betrap is. In dieselfde tydvak word die tjekbedrieginge gepleeg.

Sodanige optrede skep die indruk dat appellante nie alleen berekend opgetree het nie maar ook ongeërg. Haar getuienis dat sy destyds in groot spanning verkeer het, is gevolglik bra onoortuigend. Selfs ná haar vergrype op die lappe

gekom het, was daar geen poging om haar werkgewer of die supermark te vergoed nie. Toe sy drie maande later by die verhoor deur haar prokureur gevra word of dit vir haar moontlik is om die geld terug te betaal was haar antwoord:

"Nee dit is definitief nie moontlik nie."

Op die keper beskou was dit dus 'n reeks ernstige misdade wat die benadeeldes sonder enige vooruitsig op verhaal gelaat het.

Daar moet vervolgens na die misdadiger gekyk word. Sy was ten tyde nog maar 28 jaar oud en, wat belangrik is, 'n eerste oortreder. Sy het egter nagenoeg tien jaar ondervinding in diens van finansiële instellings gehad en moes noodwendig ten volle bewus gewees het van die implikasies van haar verduisterings. Haar getuienis word ook gekenmerk deur 'n treffende onwilligheid om te openbaar waarvoor die gesteelde geld aangewend is. Alhoewel sy dus 'n jong eerste oortreder was, was sy

geensins ongekunsteld nie. Daar moet ook van haar gebrek aan openhartigheid oor die aanwending van die geld afgelei word dat werklike nood nie die dryfveer was nie. Die indruk is trouens dat sy en haar eggenoot eenvoudig bo hul inkomste gelewe het. Dit is dan ook opvallend dat daar geen poging by die verhoor aangewend is om hul inkomste en uitgawes te verantwoord nie. Die afleiding dat die misdade uit kleinlike gemak- en hebsug gepleeg is, word versterk deur die appellante se getuienis oor die berou wat sy sou voel. By ontleding blyk dit selfbejammering te wees vir die skande wat sy op haar familie gebring het. Ware skuldbesef en berou vir die skade wat sy die klaers toegebring het, is nie in haar getuienis te bespeur nie. Die element van persoonlike afskrikking/hervorming verdien dus beklemtoning.

Daar is egter namens appellante aangevoer dat appellante se persoonlike omstandighede nie na

behore deur die verhoorlanddros in ag geneem is nie. Die betoog laat die klem val op die belange van appellante se kinders, veral die verstandelik vertraagde dogter, en die submitisie word gemaak dat 'n proefbeampte se verslag aangevra moes gewees het. Die kritiek is nie gefundeer nie. Blykens die uitspraak was die verhoorlanddros inderdaad bedag op die gesinsgevolge van gevangesetting van die moeder. Appellante het egter pertinent getuig dat haar eggenoot volkome bekwaam is om die kinders te versorg en bowendien getuig dat beide stelle grootouers daartoe in staat is. In die lig van sodanige getuienis was die verslag van 'n proefbeampte oorbodig.

Die kritiek op die verhoorlanddros se benadering fokus eintlik op sy siening van die gemeenskapsbelang. Ten eerste is aangevoer dat die oogmerk van algemene afskrikking uitermate benadruk is. Daarby aansluitend word aangevoer dat die

verhoorhof misgetas het deur gevangenisstraf as die enigste geskikte vonnis te beskou. Gemeenskapsdiens, periodieke gevangenisstraf of 'n boete is, luidens die betoog, oor die hoof gesien. Daarmee kan nie saamgestem word nie. Die gemeenskapsbelang by die eerlikheid van bankamptenare is voor-die-hand-liggend. So ook dat die strafregstelsel ondubbelsinnig aan die breë gemeenskap moet toon dat geldverduistering nie gedoog word nie. Diegene wat binnekennis tot eie voordeel wil aanwend, moet besef dat die kool nie die sous werd is nie. Die appellante se finansiële posisie het 'n toepaslike boete, of selfs genoegdoening as opskortingsvoorwaarde, onmoontlik gemaak. Geldverduistering is ook nie 'n misdad wat besonder toepaslik deur gemeenskapsdiens of naweekstraf besoek kan word nie. Boetedoening vir berekende oneerlikheid oor 'n tydperk van sewe maande vir persoonlike gewin verg meer. Bowendien

kom dit bra onprakties voor om 'n huisvrou en moeder deur gemeenskapsdiens of periodieke gevangenisstraf van haar gesin te verwyder juis dan wanneer hulle haar aandag nodig het, naamlik saans en oor naweke.

Daar is ook namens appellante aangevoer dat die vonnis, veral dié op die bedrogklagtes, buitensporig swaar is. Vier jaar gevangenisstraf vir 'n persoon in die appellante se posisie is ongetwyfeld 'n gevoelige straf. Besmoontlik sou hierdie hof ligter vonnisse opgelê het of 'n groter gedeelte daarvan opgeskort het. Dit is egter nie die maatstaf nie. Die diskresie ten aansien van vonnis setel in die verhoorhof en inmenging is alleen geregverdig waar sodanige diskresie onregterlik of onbehoorlik uitgeoefen is. (S v Rabie 1975 4 SA 855 (A) op 857D; S v Pillay 1977 4 SA 531 (A) op 535E - F; S v Holder 1979 2 SA 70 (A).) Uit die voorgaande bespreking behoort dit

duidelik te wees dat daar hier geen sodanig gronde
vir inmenging bestaan nie.

Die appèl word van die hand gewys.



J.C. KRIEGLER

WAARNEMENDE APPÈLREGTER

KUMLEBEN]

]

STEM SAAM

NICHOLAS]